MentorVennoot osw
Jy staan nie alleen nie

Hoofstraat 206
Paarl
082 459 6316
info@mentorvennoot.co.za
NPO Reg nr 201-329

MENTORVENNOOT NUUS

10 Julie 2019

ONS DOEL EN VISIE IS OM DIE JONGMENSE VAN S.A BEWUS TE MAAK VAN ENTREPRENEURSKAP EN HULLE TE HELP OM FINANSIEëL SELFSTANDIG EN ONAFHANKLIK TE WEES

➢ *Snapspel*

Die volgende drie skole is tans die voorlopers in 2019 se Snapspelkompetisie:

- **Hoërskool Paulus Joubert (Paarl) met die Restaurant simulasie**

- **Hoërskool Oudsthoorn met die Lugdiens simulasie**

- **Hoërskool Outeniqua met die meeste entrepreneurinskrywings**

Reynhard Bredenkamp van Outeniqua

Vyftien ander skole moet landwyd nog (tot 23 Augustus) die Snapspel doen waarna ons sal weet wie die drie top skole is wat dit in die finaal op 12 Oktober gaan uitspook
Die meerderheid skole wat onder die top drie lê sal bepaal of die finaal in Kaapstad of Pretoria gehou word. As die situasie soos dit tans is nie teen 23 Augustus gaan verander nie is die finaal in die Kaap. Ons wag dus in spanning!

Die vyftien Hoërskole is:

- Oos- Moot.
- Namakwaland.
- Hugenote Springs.
- Ermelo.
- HTS Ligbron.
- Lutzville
- Kuswag
- Jeugland
- Melkbosstrand
- Fochville
- Potchefstroom Gimnasium
- Vryburg & Stella
- Paarl Hoër Seunskool
- Van Rhynsdorp
- Menlopark

- ***Entrepreneurinskrywings***

Die inskywings vir vanjaar se kompetisie sluit op 15 September.

Die skool met die meeste inskrywings dring ook deur na die finaal sowel as die top 7 Entrepreneurs met hulle suksesstories waarna die wenners van 2019 aangewys sal word.

Dit is hier waar jy dan moet wees. Vra maar vir Nathan Jansen van Outeniqua wat verlede jaar tydens die finaal raak gesien is en binne 1 jaar in New York by biljoeners soos Bill Gates hulle

beland het om sy sukses storie vir die Amerikaners te kon vertel. Nathan het sopas van sy besoek aan New York terug gekeer.

Nathan Jansen

Inskywingsvorms en kontakbesonderhede om vir die kompetisie te gebruik - hier onder.

SNAPspel 2019

ENTREPRENEURSKOMPETISIE INSKRYWINGSVORM

My entrepreneurskap suksesstorie……

NAAM & VAN		
SKOOL		
GRAAD & KLAS		
Beskrywing van my produk, besigheid of diens		
Ek wou geld spaar vir ‘n spesifieke doel (ja/nee), verduidelik		
Wins behaal? (bedrag of beraamde)		
Grootste besigheidsles geleer		

Belangrike lewensles geleer		

Inskrywings kan op die volgende maniere ingehandig word:

- Epos na: info@mentorvennoot.co.za
- Whatsapp met 'n duidelike foto van die voltooide inskrywingsvorm, na 082 459 6316

Sluitingsdatum: 15 September 2019

➢ *Mentorvennoot Verenigings en Skole Entrepreneurklubs(Trepklubs)*

Skole, gemeenskappe of dorpe wat so `n Vereniging of klub wil stig om die jong Entrepreneurs van jou skool en dorp te ondersteun, kontak vir Kobus van den Bergh.
info@mentorvennoot.co.za

➢ *Mentorvennoot nuwe videos(Afrikaans en Engels)*

Kliek gerus op hierdie skakels: https://youtu.be/VMzDlN6pnGE en https://youtu.be/6oewjYdWUhY waar `n kort video van Mentorvennoot op YouTube te siene is.

Navrae oor Mentorvennootsake:
Kobus van den Bergh; info@mentorvennoot.co.za

JY STAAN NIE ALLEEN NIE

++